

Vrydag 8 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 15:1-21

Fokusgedeelte: Genesis 15:7,
18a; 1 Timoteus 2:5, 6

Aanvaar in die geloof God se beloftes!

Wanneer God soms talm om in te gryp in jou omstandighede, is dit moeilik om op God te bly vertrou. Net soos Abraham twyfel óns ook maar: Gaan God ooit sý beloftes uitvoer? Onthou, vir God gaan dit oor ons vertroue in Hóm – Hy sál doen wat Hy belowe het. Op die regte tyd sál Hy dit doen! Hý berei my tafel voor en dan loop my beker oor (Ps. 23:5).

In Genesis 12, 15 en 17 maak die Here elke keer dieselfde belofte aan Abraham: 'n groot nageslag en grond. Dis 'n blywende en ewige verbondsbelofte van 'n blywende, ewige God. Uiteindelik het dit in Christus in vervulling gegaan. In Genesis 15 word *twee tekens* gegee om Abram se geloof te versterk:

- Tel die sterre, as jy kan (vs 5)! Net so talryk as wat die sterre is, so talryk sal jou nageslag wees. Elke keer wanneer jy die sterre sien, moet jy dit onthou. Vers 6: *En (Abram) het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.*
- God stap *alleen* tussen die stukke vleis deur.

Die simboliek van die destydse bekende ritueel om tussen die twee rye stukke vleis deur te stap, is dat die verbreker van die verbond net so stukkend gesny kan word as daardie dierevleis! Maar God beskik dat Abram in 'n diepe slaap verval. Die *HERE* bevestig die verbond toe Hý alleen in die gedaante van 'n *“rokende oond en 'n vurige fakkel tussen die stukke vleis deurgaang”* en sê dat *“die vierde geslag sal hierheen kom ... Aan jou nageslag gee Ek die land ...”* (vs 16-18).

Deurdadig God alleen deurgegaan het, sê God dat Hy slegs Homself tot die uitvoering van die verbond verbind. Hoe sal 'n sondaarmens by so 'n belofte kan bly? God beskerm Abram hier. Net God is blywend getrou!

1 Timoteus 2:5, 6 bevestig dit: *“Daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal, as die getuie op die regte tyd ...”* Want toe Jesus betaal het vir ons sondes, het die dissipels gevlug. Net Jesus alleen! Ons kán dus God se beloftes in die geloof aanvaar.

Sing: Psalm 75-1:1, 4

Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad/Pretoria)